basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2026

VRYSTAAT

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word). Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: DRAMA

VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	• Hy moes gemeenskapsdiens doen. • Hy moes honderd/100 ure gemeenskapsdiens doen. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.2	• (By) Silwerkloofstalle • (Op) (Wilma se) perdeplaas • By Wilma *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.3	• Sy ma het min geld verdien. • Daar was nie geld vir 'n troeteldier/'n pop wat net eet en piepie nie. • Daar was nie geld om vir troeteldiere te sorg nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.1.4	• Wilma het Lucky gelos (om hek toe te hardloop). • Wilma het die prokureur gebel (om Lucky te kom haal). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.2	D/kan aanvoel of mense goed of sleg is.	1
1.3	Wilma	1
1.4.1	D/Lucky was kwaad omdat hy arm was.	1
1.4.2	C/Lucky het gespot oor sy ma wat werk toe loop.	1
1.4.3	E/Lucky het gevoel dat Wilma hom nie vertrou nie.	1
1.4.4	A/Lucky was ongeduldig met Lady Jane.	1
1.5	• Wilma het vir Lucky gewys wat hy moes doen. • Wilma het Lucky se selfoon gevat en in haar sak gesit. • Wilma het vir Lucky vertel van die kinders wat by haar kom perdry. • Wilma het vir die prokureur gesê dat Lucky by die grootpad vir haar wag. *(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)*	1 1 1 1
1.6.1	gesond	1
1.6.2	die beste van jou eie omstandighede moet maak	1

1.7	Wilma het … • hom meer as een kans gegee. • hom steeds laat terugkom plaas toe (al was sy kwaad vir hom). • vroeg die tweede Saterdag sy selfoon teruggegee. • nie vir die prokureur/mevrou Bekker vertel wat Lucky alles op die plaas verkeerd gedoen het nie/oor Lucky gekla nie. • vir mevrou Bekker/die prokureur gesê dat alles goed gegaan het. • vir mevrou Bekker/die prokureur gesê dat Lucky tyd nodig het (om aan te pas)/nog moet leer om te luister. Wilma ... • wou hê dat Lucky moet verander. • was geduldig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.8	• Lucky het nie Binki se toestemming gevra/gehad om dit te doen nie. • Lucky het geen reg gehad om dit te doen nie. • Binki se selfoon is haar persoonlike besitting. • Dit is elke mens se keuse om te besluit wie jy op jou kontaklys wil hê. • Lucky het nie Binki se privaatheid gerespekteer nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.9	Ek sou … • (ook) kwaad/gefrustreerd gewees het. • (ook) gevoel het dis onregverdig. • (ook) nie daarvan gehou het om die stalle skoon te maak nie. • (ook) negatief/vyandig gevoel het. • aanvaar het dat dit my straf is vir iets wat ek verkeerd gedoen het. • probeer het om positief te wees/uit my foute te leer/reg te maak wat ek verbrou het. • bang gevoel het want ek ken niemand daar nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.10	Die skrywer wys/beklemtoon … • Lucky se frustrasie omdat hy regtig nie weet wat om te doen nie. • dat Lucky nie gewoond was aan diere/troeteldiere nie. • Lucky se ongelukkigheid/woede (oor sy arm huislike omstandighede). • dat Lucky almal behalwe homself vir sy probleme blameer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.11	Dukie	1
1.12	• Binki se hondjie is dood (tydens die brand). • Binki het littekens (as gevolg van brandwonde). • Hulle huis het afgebrand. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
1.13.1	Sabrina	1

1.13.2	besigheidsvrou	1
1.13.3	naweke	1
1.13.4	twaalf	1
1.14	sarkasme	1
1.15.1	C/Binki het op haar eie klein takies op die perdeplaas gedoen.	1
1.15.2	E/Lucky het gedink dat Binki hom sou haat as sy weet wat hy aan diere gedoen het.	1
1.15.3	B/Binki se ma het die foon in haar oor neergesit.	1
1.15.4	D/Binki het besluit sy het haar ma nie nodig nie.	1
1.16	• Binki het niks verkeerd gedoen nie. • Binki se ma/Sabrina het haar by die perdeplaas gelos/gebêre/vir Binki gegril. • Binki se ma was te besig/het te hard gewerk (om aandag aan haar te gee). • Binki se ma was dikwels weg van die huis af en kon Binki nie alleen laat nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.17	B/wys wat die karakter op daardie oomblik doen.	1
1.18.1	was Binki bang vir die perde	1
1.18.2	tevrede	1
1.19	• Wilma kon nog 'n kind help/van perde leer/haarself help as sy Binki help. • Wilma het (aangename/rustige) geselskap gehad. • Binki het haar met die werk op die perdeplaas gehelp. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.20	Lucky het … • geleer dat ander mense ook probleme het/swaarkry. • geleer om ander mense/diere te respekteer. • sy (wrede) houding teenoor diere het verander. • nou sy ma se liefde/sorg waardeer. • geleer dat nie alle wit mense ryk is nie. • geleer dat nie alle ryk/wit mense sleg is/op arm mense neersien nie. • geleer dat geld jou nie gelukkig maak nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

1.21.1	Ek sou … • eerder met haar probeer vriende maak het/vriendelik met Binki gewees het. • Binki nie allerhande name genoem het nie. • nie lelike goed vir Binki gesê het nie. • nie oor goed gepraat het wat Binki hartseer maak nie. • nie my frustrasies op Binki uitgehaal het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat kan nie net die teenoorgestelde van die stelling gee nie).*	1
1.21.2	• Lucky het Binki glad nie geken nie/niks van haar omstandighede geweet nie. • Binki was altyd vriendelik/gaaf met hom. • Wilma het gesê Binki verdien nie sy goor houding/ boeliegedrag nie. • Dis verkeerd/lelik om ander mense ongelukkig/hartseer te maak/te terg. • Dis nie Binki se skuld dat hy gemeenskapsdiens moes doen/arm was nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

TOTAAL AFDELING A:	**40**

AFDELING B: KORTVERHALE

VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	Gouws/die ryloper/padmaker	1
2.1.2	Hy is op pad … • Wilgerspruit (toe). • huis (toe). • na sy vrou en kinders (toe). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.1.3	Hy het met sy hand gewys (hy wil saamry). *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.1.4	• Hy het al paaie regoor Suidelike Afrika gebou. • Hy het paaie oral in die land gebou. • Hy het al op baie plekke gewerk. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.2.1	B/Gouws was trots op die werk wat hy gedoen het.	1
2.2.2	D/Gouws was dankbaar vir elke kans om sy gesin te sien.	1

2.2.3	C/Gouws was opgewonde om vroeg by die huis te wees.	1
2.2.4	A/Gouws was lief vir sy kinders.	1
2.3	D/nie oor sy moeilike lewe gekla het nie.	1
2.4	• Gouws het van sy kinders vertel. • Die verteller het Gouws aan die bopunt van sy straat afgelaai. • Die hele gesin het gehardloop om Gouws te ontmoet. • Die verteller het by die gelukkige gesin verbygery. *(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)*	1 1 1 1
2.5	skoene	1
2.6.1	dankbaarheid	1
2.6.2	die beste moet maak van wat jy het	1
2.7	• Die verteller het iemand anders gehelp. • Die verteller het vir Gouws gehelp om gouer by sy huis te kom/ meer tyd saam met sy gesin te kon deurbring. • Dis altyd goed om iemand anders te help as jy kan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.8	• Gouws was die hele tyd eerlik oor sy lewe/omstandighede. • Gouws het die verteller geen rede gegee om hom te wantrou nie. • Gouws het geen rede gehad om nie die waarheid te praat nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.9	Ek sou … • dankbaar wees dat ek 'n werk het. • dankbaar wees dat my gesin altyd daar is vir my. • my gesin waardeer/waardeer wat ek het. • die beste maak van elke kans om hulle te sien/die tyd saam met hulle waardeer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.10	Die verteller … • het besef hy was verkeerd om te dink hy is beter as Gouws. • was beïndruk met Gouws se positiewe uitkyk op die lewe. • kon sien hoe Gouws die goeie in elke ding sien (al is dit moeilik). • het waardering gehad vir Gouws se dankbaarheid oor die lewe. • het besef dat Gouws 'n goeie voorbeeld vir ander mense is. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.11	Die kraai het … • probeer om uit die hok te kom. • met sy vlerke teen die draad geklap. • homself seergemaak. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.12	Die broer … • het gevoel hy het die kraai gered. • het vir die kraai kos en water gegee. • het vir die kraai 'n hok gebou. • het die kraai se seerplekke versorg. • was lief vir die kraai. • het gevoel dat die kraai aan hom behoort. • het gedink hy weet wat die beste vir die kraai is. • wou nie 'n ander troeteldier hê nie. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	2
2.13	klanknabootsing	1
2.14.1	vleis	1
2.14.2	salf	1
2.14.3	loslaat	1
2.14.4	papegaai	1
2.15.1	D/Die kraai het na die draad gepik en geklap.	1
2.15.2	A/Die broer het elke dag met die kraai gepraat en hom gepaai.	1
2.15.3	E/Die gesin het die hok vermy.	1
2.15.4	B/Die verteller het mooi gedink oor wat hy vir die broer van die kraai sou sê.	1
2.16	Die een vlerk het seergekry.	1
2.17	C/almal nog steeds aan die kraai gedink het.	1
2.18.1	wat homself gelukkig maak	1
2.18.2	oop	1
2.19	Die broer … • was nie meer vrolik nie. • was hartseer oor die kraai. • het al hoe stiller geword. • het in sy kamer gebly. • is deur die kraai beseer/gekrap. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

2.20	Die kraai … • het in die dag vry beweeg/kon in- en uitgaan soos hy wil. • het snags (veilig) in die hok geslaap. • het (in die aand) brood/vleis/vars water in sy hok gekry. • was versorg/veilig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.21.1	Ek sou… • die kraai glad nie in 'n hok gesit het nie. • hom gesond gedokter het en dan laat gaan het. • hom in 'n groot hok gesit het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
2.21.2	• Kraaie is wilde voëls en moet vry wees. • Die kraai se optrede het gewys dat hy nie in die hok wou wees nie. • Die kraai was gelukkiger toe hy vry was. • In 'n groot hok sou hy kon rondvlieg/dalk gelukkiger gewees het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

	TOTAAL:	**40**

VRAAG 3: ***OM LAASTE TE KAN LAG*** **– Pirow Bekker**

VERHAAL A: "OPGANG" – Ina Rossouw

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	Hannetjie	1
3.1.2	(In die) sitkamer	1
3.1.3	Die kinders het hulle maats gaan roep (om na die naaimasjien te kom kyk). *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.1.4	• Die naaimasjien was duur. • Lukas sou maande lank afbetaal aan die naaimasjien. • Lukas was bang die kinders breek/bebodder die naaimasjien/werk verkeerd met die naaimasjien. • Lukas het lank gewag om vir Hannetjie haar eie naaimasjien te kan koop./Hannetjie moes lank vir haar eie naaimasjien wag. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.2	voetjie/tandjies/armpie/spoeletjie/naaldjie	1
3.3	C/nie meer hoef terug te staan vir ander vrouens nie.	1
3.4.1	C/Lukas was baie gelukkig dat hy na jare vir sy vrou 'n naaimasjien kon koop.	1

3.4.2	A/Lot het nie gehou van mense wat sukkel nie.	1
3.4.3	E/Drien was baie opgewonde oor Hannetjie se masjien wat die nuutste in die straat was.	1
3.4.4	B/Hannetjie was tevrede dat sy nou vir Lot kon sê wat Lot altyd vir haar gesê het.	1
3.5.1	vooruitgang	1
3.5.2	ander mense altyd goed moet behandel	1
3.6	• Hannetjie het kort-kort na haar nuwe masjien gaan kyk. • Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe naaimasjien kom kyk. • Lot wou voel hoe stik Hannetjie se nuwe masjien. • Hannetjie het Lot gewaarsku om versigtig met haar naaimasjien te werk. *(Die kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)*	1 1 1 1
3.7	• Lukas wou nog altyd vir Hannetjie 'n masjien koop. • Lukas het geweet dat Hannetjie sukkel sonder 'n masjien. • Lukas het gesien hoe lelik Lot Hannetjie behandel. • Lukas wou hê sy vrou moes dieselfde hê wat ander vrouens gehad het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.8	• Hannetjie-hulle was arm/kon nie dadelik 'n masjien bekostig nie. • Hulle was familie van mekaar. • 'n Mens mag nooit dink jy is beter as ander nie. • Lot het geweet dat Hannetjie sukkel. • Dit was nie vir Hannetjie maklik/lekker om vir Lot te vra om haar masjien te gebruik nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.9	Die skrywer wil beklemtoon dat Lukas … • geïrriteerd/ongeduldig is met Hannetjie. • nie verstaan waarom Hannetjie soveel vrae vra nie. • nie verstaan waarom Hannetjie dit nie kan glo nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.10	Ek sou ... • (ook) gelukkig/bly/opgewonde wees. • trots wees. • dankbaar/tevrede wees. • (ook) nie kon glo dat dit waar is nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.11	Oom Apie … • het nooit getrou nie. • het nie 'n vaste werk/ambag gehad nie. • het nie 'n lappie grond/vaste blyplek gehad nie. • het nie van geld gehou nie. • was nie (baie) betroubaar nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.12	'n metafoor	1
3.13	(By die) … • slaghuis • plaaswinkel	2
3.14.1	boer	1
3.14.2	kouse	1
3.14.3	geheime	1
3.14.4	veertig	1
3.15.1	D/Oom Apie het los werkies in en om mense se huise gedoen.	1
3.15.2	A/Die kinders het baie van oom Apie gehou.	1
3.15.3	E/Die jeugliefde wou met oom Apie trou.	1
3.15.4	C/Oom Apie is aangeraai om liewer te trou.	1
3.16	Oom Apie het sy eie stoel saam met hom gedra, want … • hy het rus-rus geloop. • hy was oud. • hy was vet. • daar was nie altyd klippe langs die pad waarop hy kon sit (en rus) nie. • as hy plat op die grond gesit het, het hy gesukkel om weer op te staan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.17	C/nie oor dinge gedroom het nie, maar dinge gedoen het.	1
3.18.1	baie	1
3.18.2	alleen	1

3.19	Die jeugliefde … • het iets gehad om oom Apie mee af te pers/te dwing om met haar te trou. • kon dit gebruik om haar sin te kry. • wou dit vir haar eie gewin gebruik. • kon oom Apie in die skande steek as sy die geheime verklap. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.20	Oom Apie … • het as 'n ongetroude losloper gesterf. • het nie nodig gehad om te trou nie. • het homself uit die penarie met die jeugliefde gekry. • se geheime was veilig. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.21.1	Ek sou … • hom nie gedwing het om te trou nie. • hom nie gedreig het nie. • liewer voortgaan met ons vriendskap. • sy geheime stilgehou het. • nie alles met die idee van trou bederf het nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.21.2	• Dit is nooit reg om iemand anders te dwing/manipuleer/af te pers om jou sin te kry nie. • Dit was oom Apie se keuse./Oom Apie kon self kies of hy wil trou of nie. • 'n Mens verklap nie iemand anders se geheime waarmee die persoon jou vertrou het nie. • Dit was nie nodig om so laat in hulle lewens te trou nie. • Hulle kon liewer goeie vriende gebly het. • Die trou-idee het hulle jarelange vriendskap bederf. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[20]

	TOTAAL AFDELING B:	**40**
	GROOTTOTAAL:	**80**

Kopiereg voorbehou